Oordenking
15 Februarie 2010

God is lief die die wêreld.

Joh 3: 16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Dit is verrassend dat Johannes hier in sy Evangelie sê God is lief vir die wêreld. Johannes het meestal 'n baie negatiewe siening van "die wêreld", omdat die wêreld Jesus verwerp. Hoe kan God so 'n wêreld liefhê?

Die wonder is dat God sy Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. God se rede waarom Hy dit doen, is liefde en sy doel is ons verlossing. Dit is dié wat in die Seun glo, wat die ewige lewe ontvang.

Dit sou God soveel minder gekos het om ons sonde te ignoreer en mense toe te laat om in duisternis te lewe. Dit sou egter nie liefde gewees het nie, maar apatiese gevoelloosheid.

Aardse ouers bied aan ons 'n analogie. Dit eis baie meer van ons as ouers om goeie toesig oor ons kinders te hou, as om hulle te laat doen wat hulle wil. Dit is baie minder werk om jou kind deur sy vriende te laat groot maak en leer, as om self seker te maak dat hulle die regte waardes aanvaar en die regte dinge leer.
Sommige ouers sien dit anders en kies om nie dissipline toe te pas nie, maar wat lyk na 'n geskenk van vryheid, benadeel altyd 'n kind se belange.
Liefde word nooit bewys deur jou van jou kind te onttrek nie, maat liefde is 'n gewilligheid om groot opofferinge ter wille van jou kind te maak.

God maak die grootste moontlike opoffering – Hy gee sy enigste Seun, om die wêreld te red.
God het die wêreld so lief gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het.
Om jou en my en ons kinders te red.